Weekbrief 13/2020

24 September 2020

HOËRSKOOL PORTERVILLE

TROTS RESPEK DISSIPLINE BULLE

Posbus 22, PORTERVILLE, 6810
TEL: 022 9312174 FAKS: 022 9313321 EPOS: sekretaresse@porterhs.co.za

1870 2020

GR 12 REKORDEKSAMEN SEPTEMBER/OKTOBER 2020

Die leerders het vandag met die Rekordeksamen begin. Die eksamen eindig op Vrydag, 16 Oktober 2020.

Die Graad 12 leerders skryf in die Jeugsaal van die NG Kerk ter voorbereiding van die omstandighede tydens die finale NSS November eksamen.

Die leerders skryf reeds twee vraestelle van die finale NSS November eksamen: op Maandag, 19 Oktober LO en Woensdag, 21 Oktober RTT V1. Die amptelike begindatum van die NSS Eindeksamen is Donderdag, 5 November 2020!

GR 4-7 TOETSREEKS

Die Graad 4-11 leerders begin op Donderdag, 1 Oktober 2020 met die Toetsreeks.

Die Toetsreeks vir Graad 4-11 leerders eindig op Vrydag, 16 Oktober 2020.

Matriek Uitstapdag 2020

Na 'n baie vreemde, uitdagende skooljaar het die graad 12's op Dinsdag, 22 September 2020 hul laaste skooldag gehad. Ons matrieks het op baie 'laastes' uitgemis, maar ons is trots op die wyse waarop hul hierdie COVID-jaar aangepak het. Ons weet julle sal beslis nooit hierdie jaar vergeet nie!

Dankie vir jul positiewe bydrae tot HSP se bestaan. Hou vas aan die waardes en lesse wat jy hier geleer het. Daar lê 'n baie belangrike tyd nou voor. Ondersteun mekaar, bly gefokus en vertrou op Hom.

Ons staan bankvas agter julle! Ons weet jul sal die vrugte van jul harde werk pluk.

PRYSUITDELING

Ons jaarlikse prysuitdeling vind plaas op Maandag, 9 November. Boekbewyse van R150 en R200 onderskeidelik word benodig.

Indien 'n kontantdonasie gemaak word, sal u naam op die prysuitdeling as 'n donateur genoem word en aan 'n boekbewys gekoppel word.

Donasies moet asseblief voor Vrydag, 23 Oktober gemaak word.

Baie dankie vir u ondersteuning.

MATRIEKSERTIFIKATE 2019

Jan Hendrik Basson, Geniever Boois, Christiaan Burger, Nicole Cloete, Dylan Cupido, Denzil Douries, Jolene Fortuin, Keanu Fortuin, Theunis Hugo, Jude Isaacs, Candice Josephus, Conrique Josephus, Engela Kretschmer, Amber Kuilders, Jovan Lategan, Phillipa Louwrens, Queron Nasson, Kiechell Patience, Keasha Paulsen, Krishna Paulsen, Shaunice Stevens, Mariechen van Baalen, Mikhail van Niekerk, Cassidy Visser en Jody Waterboer.

Dit sal waardeer word as u die woord kan versprei, sodat bogemelde sertifikate afgehaal kan word.

SKOOLFONDS

Baie dankie aan ons ouers wat gereeld hulle kind/ers se skoolfonds betaal.

Indien u nie die reëlings, soos ooreengekom met Me Kriel (Finansies) kan nakom nie, skakel 022 9312174 of e-pos haar by admin@porterhs.co.za om die nodige reëlings te tref.

Ons ouers se samewerking word waardeer.